

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

INENTINGS BY OUETEHUIS

Hierdie week het die Departement van Gesondheid ouetehuse begin besoek in die Fezile Dabi Distrik om die bejaarde ouderdomsgroep in te ent. Sedert Dinsdag is daar reeds meer as 1200 mense ingeënt. Diegene 60 jaar en ouer word met die Pfizer-inentingstof behandel. Vandag word Huis Bron van Heil in Heilbron besoek om die wat geregistreer het, in te ent en sal elkeen weer 21 dae later die tweede dosis ontvang. Daar is met die aftree-oord bevestig dat die departement reëlins vir die besoek getref het en spekulêr dat ongeveer 90 lede die inenting sal ontvang. Daar word 'n beroep gedoen aan die wat in hierdie ouderdomsgroep val, bedlënd is en nog nie vir die inenting geregistreer het nie, maar graag wil, hulle inligting beskikbaar moet maak aan die naaste kliniek. Daar is sprake dat daar by gemeenskapsale in die komende week ook inentings gedoen sal word, maar nodige inligting rondom dit is nog nie bevestig nie. Daar is al meer sprake van Suid-Afrika se dreigende derde virusgolf en dat strenger maatreëls binnekort verwag kan word.



BONUS HARDWARE
BIG CEMENT SALE

VALID FROM 25 MAY - 30 JUNE 2021
WHILE STOCKS LAST

BB Cement R85
BB-30 R85
BB-45 R100

050 863 8008 | 072 283 4111
21 Grand Street, NAILANAK, 9000
CASH & CARRY ONLY

DUPNO Trading

Awegare
Ontvangsbakke
Graandamme
Waterdamme

Ryno: 073 284 7688
Kern: 083 280 9943
ryno.dupno@gmail.com
petzerks@gmail.com

Tobus van Wyk

From 28 May we are at
Wentworth Square - Shop 4!
WATCH THIS SPACE
FOR LUCKY DRAWS FOR THE NEXT 4 MONTHS
Win one of 4 Sunglasses until September!
More Information will follow soon.
067 333 2551

THE TYRE MART
HEILBRON FRANKFORT

OPENING SPECIAL
1 JUNE 2021

GET UP TO R600 CASHBACK
ON ALREADY LOW-PRICED PREMIUM TYRES

GOODYEAR | MICHELIN | PIRELLI | BFGoodrich | DUNLOP

072 088 3366 | 6 COLLAANWAT & WENTWORTH STREET

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE - ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/01

*Waar sake elke keer,
te keer reg gedoen word!*

DIE GRAAN ROL IN

Dupno Trading in Heilbron is gestig in 2019 en word bestuur deur die Petzer gesin. Verlede week het Dupno 'n een ton massabak soos op die foto regs aan Hoërskool Heilbron geborg.

Alet en Keith Petzer se drie kinders, Shane, Tanya en Ryno is almal betrokke by die besigheid en oud-skoliere van die skool. Hierdie bak staan tans by Gottenburg Silo's en gaan gebruik word vir die insameling van boere se graanmonsters wat aan die skool geskenk word. Die besigheid spesialiseer in awegare, ontvangsbakke, graandamme en waterdamme. Groot waardering word getoon vir die gesindheid teenoor ons plaaslike skool.

“Baie dankie aan beide Heilbron en Gottenburg Silo's vir die insameling van die boere se

graanmonsters vir die skool. Pieter Buitendag en Samuel Mofokeng, julle moeite word waardeer.

“Spesiale dank aan elke boer met 'n oop hand vir die skool en sonder wie die insameling nie sou moontlik wees nie.” Skryf Ellen-Louise Dreyer aan Heilbron Herald.

Vir al jou graanhantering en water-opberging oplossings, skakel hulle gerus.



VOURWAPEN WYSIGINGSWET: SELFVERDEDIGING ONWETTIG



Die publiek is in rep en roer oor die Wysigings-wetsontwerp vir Vuurwapenbeheer wat Vrydag in die Staatskoerant gepubliseer is. Onder andere stel die wysiging voor dat “die aansoeker 'n geldige rede moet verskaf vir die besit van 'n vuurwapen waarvan geen vuurwapenlisensie uitgereik sal word vir selfverdedigingsredes nie”.

In 'n land met van die hoogste moordsyfers ter wêreld is daar mense van opinie dat die regering se voorstel verregaande is en dat dit gaan lei tot 'n toename in kriminele anargie. Ongeag daarvan dat geen wapens vir selfverdediging gebruik mag word nie, word Jag-en Sportwapens ook beperk, al het jy 'n toegewyde status. Indien jy 'n toegewyde status het, word die besit van ses

vuurwapens toegelaat, indien nie, slegs vier. Die samestelling van die vier of ses word ook beperk en mag die eienaar nie meer as bv een haelgeweer besit nie. Die besit van herlaai-toerusting word 'n misdad. Geen wapens mag vervoer word sonder 'n spesiale permit nie en slegs 100 rondtes ammunisie word per wapen toegelaat.

Privaat wapenversamelings word geskrap en slegs publieke versamelaars word erken. Die lys gaan aan en behalwe vir selfverdediging mag hierdie die einde van jag en sportskiet ook beteken. Die publiek word versoek om betrokke te raak en by groepe aan te sluit met betroubare inligting. Opponeer die wysiging skriftelik voor einde Junie en moenie vassteek net by selfverdediging nie, opponeer alles.

- to provide for the applicant for a firearm to provide a valid reason for possessing a firearm; to provide that no firearm licences may be issued for self-defence purposes;

Op die foto: Skermkoot vanuit die Staatskoerant op die Wysigingswetsontwerp op Vuurwapenbeheer.

TURN YOUR SHOPPING INTO A CAR

SPAR Rewards WIN A CAR

WEN 1 VAN 50 HYUNDAI GRAND i10s

KOMPETISIE EINDE 8 JUNIE 2021

SPAR

SPAR

78⁹⁹ per pak

38⁹⁹

79⁹⁹ elk

69⁹⁹ per pak

57⁹⁹

30⁰⁰

50⁰⁰

79⁹⁹

49⁹⁹

KOOK SOOS 'N MEESTER-SJEF

SPAAR TOT 75% op MasterChef aluminium kookware

SPAR

ELKE DEELNEMENDE PRODUK WAT JY KOOP GEE JOU NOG 'N WENKANS

*Maksimum van 10 a-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.

Wenke tot 31 Mei 2021. Slegs vir die SPAR Rewards programme. Slegs vir die SPAR Rewards programme. Slegs vir die SPAR Rewards programme.



UIT DIE PEN

Liewe oom Bêkkie

Ek kyk oom altyd sò wanneer ek oom sien: daai hoed laat my alteveel aan my oupa Hansie dink. Ek dink nie oom het hom ooit ontmoet nie. Maar my oupa Hansie was nogal 'n liewe man. Ek kan nie vreeslik baie van hom onthou nie, want hy is dood toe ek so sewe jaar oud was, dink ek. Daar is wel 'n paar goed wat ek van hom kan onthou.

My ou pa het vir ons 'n lekker rondomtalieswaai gemaak. Die ding het sò gewerk: Dit was 'n kar se as wat vertikaal geplaas was, bo-aan was 'n dwarsbalk en aan elke punt van die dwarsbalk was daar twee buitebande met kettings aan. Op die as was 'n slinger en wanneer hierdie slinger gedraai word, aarde oom Bêkkie, dan het die dwarsbalk begin draai en ons al jillend in die rondte gedraai.

Oupa Hansie het teen daardie tyd alreeds een beroerte agter die rug en hy het met 'n blou vierpootkierie geloop. Ek het oupa Hansie gesmeek om die slinger te kom draai met my in een sitplek, want ek het nie maatjies gehad nie.

So het oupa Hansie met sy

WEEK EEN-EN-TWINTIG VAN 2021

blou klerie aangesukkel tot by die slinger en 'n paar lekker draaie gegee. Ek het heerlik deur die lug getrek. Oupa Hansie het toe besluit om terug te keer huis toe. Maar o wee, oom Bêkkie, toe hy weer sien is ek met my swaai bo-oor hom, want sien: hy het nie rekening gehou met my en die swaai wat sy pad gekruis het nie. Oom Bêkkie, daar trek oupa Hansie met sy blou klerie. Ek dink amper dit was die laaste keer dat oupa Hansie my kom draai het met die swaai.

Nietemin. Oupa Hansie en ouma Cielie het vir jare alleen op die plasie gebly. Totdat oupa die plasie verkoop het. Hulle het vier maande by elkeen van hulle drie kinders gaan bly. Oupa Hansie het die plasie verkoop omdat daar niemand was wat daar wou gaan bly nie, nie omdat iemand bekommerd was daaroor dat hulle twee oues alleen op die plasie sou bly nie.

Oom Bêkkie, hy het nie eers 'n kettie gehad nie, laat staan nog 'n geweer. Hulle was sorgvry. Hulle het nie gereeld die deure gesluit nie. Oom Bêkkie, ek sê jou, hulle was sorgvry. Hulle het swaargekry, want daar was nie baie geld nie.

Oupa Hansie het ook so hoed gehad soos jy, oom Bêkkie: syne het so rooierige veertjie ingehad. Ek het altyd sy hoed gevat en daarmee gespeel, tot sy groot ergernis. Maar ek onthou 'n oupa wat omgeegee het.

Maar oom Bêkkie, dit voel nie vir my of jy, soos Oupa Hansie, vir ons omgee nie. Oom Bêkkie het 'n hele rits swart karre met flitsende blou ligte wat saam met oom ry, maak nie saak waarheen oom gaan nie. Oom Bêkkie het 'n lyfwag of ses wie jou beskerm, waar jy ook al gaan.

Oom Bêkkie sien: die lewe het verander sedert oupa Hansie op sy plasie gebly het. Daai tyd was daar effense meer vrede as wat ons tans ervaar.

Die rede vir my briefie, oom Bêkkie, is omdat ek vroeër hierdie week gelees het dat jy nie meer wil hê dat mense wapens mag hê nie. Nee, nie sommer enige wapen nie. Ek praat hier van mense wat aansoek doen om 'n wettige wapen te besit. En nie om mekaar mee te skiet nie, oom Bêkkie, maar wel om homself te verdedig.

Oom Bêkkie, dit werk so: Eendag, lank, lank gelede, het die boewe wettige wapeneienaars se wapens bekom. Miskien omdat die boewe by die mense se huise ingebreek het. Dalk het die boewe die gesteelde wapens, wat Eerlike Erik by die SAPD se kantore ingehandig het, gevat, ek het geen idee nie.

Iedergeval, oom Bêkkie, die punt wat ek wil maak is dat dit nie eerlike mense is, met wapenlisensies, wat die misdade met vuurwapens pleeg nie. Ja, daar is uitsonderings op die reël, *but few and very far between*.

Oom Bêkkie, sê my: hoe verdedig ek myself wanneer daar vier mense met maskers (wat ons almal deesdae moet dra en wat, lyk my, baie belangriker is as ander misdade) my venster in die nag oopbreek en my dreig met 'n lang mes, 'n panga of 'n byl? Wat nog te sê 'n gesteelde wapen?

Daar is geen manier nie, oom Bêkkie, daar is geen manier nie.

Kom ek sê oom wat: Los vir 'n maand oom se swart *entourage* wat met blou ligte saam met oom ry, en laat die lyfwagte vir net so lank met vakansie gaan. Dan praat ons weer. Want oom, solank as wat

mense in hierdie land misdade pleeg en hulle nie gevang en gestraf word nie, so lank sal die gewone, wetsgehoorsame burger genoodsaak wees om homself te beskerm.

Oom Bêkkie, Gun Free South Africa reken dat daar vir elke 58 mense wat daagliks vermoor word, 20 doodgeskiet word. En ek gee jou 'n brief met 'n polisietjap op dat nie eers 10% van daardie 20 mense wettige wapeneienaars is nie.

So, waar is die probleem? Die probleem, oom Bêkkie, is dat julle eerder daarop moet fokus om die onwettige wapens op te spoor en te vernietig. Dadelik. Dit nie iewers stoor nie, want dan kom die boewe weer en steel dit en ons begin weer van voor af.

Wat van jy stel 'n taakspan saam wat gaan seker maak dat alle wapens wat ingelewer word, regtig vernietig word. Hulle moet ook sommer, terwyl hulle besig is, sorg dat die wapenlisensie-agterstand ingehaal word.

En ten laaste, oom Bêkkie, wil ek graag sien dat alle politici hulle by die wet hou. Of jy nou geld verduister het of dit silwerskoon gewas het, of jy nou 'n diplomaat in Wene of in Indië is wat jou gehuurde (staats)huis verniel het en of jy moord gepleeg het: almal is gelyk voor die wet.

As elke liewe burger weet dat hulle verantwoordelik moet optree en weet dat daar gevolge vir hulle dade is, dan dink ek, oom Bêkkie, dat ons al halfpad daar is.

Groete vir die ander ministers.

DIE RUS INGE GAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Motsoaosele John Mofokeng** oorlede op 21 Mei 2021 in die ouderdom van 7. Die diens gaan plaasvind op 29 Mei 2021 en word hy begrawe in die White City Begraafplaas in Heilbron. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Benzile Job Mlenga** oorlede op 21 Mei 2021 in die ouderdom van 73. Die diens gaan plaasvind op 29 Mei 2021 en word hy begrawe in die Plaas Begraafplaas in Heilbron. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Karien Buckler**, eggenoot, mamma, ouma, suster, vriendin en tannie. Oorlede op 23 Mei 2021 in die ouderdom van 55. Die diens vind plaas op 28 Mei 2021 te Petrus Steyn. Sy laat na haar familie en vriende.

AVBOB-LEDE ONTVANG GRATIS BEGRAFNISVOORDELE* VAN AVBOB BEGRAFNISDIENS WAT DIE VOLGENDE INSUIT:



Begrafnis ter waarde van **R12 000**



R2 500 vooraf



GRATIS vervoer van die oorledene in Suid-Afrika

Kontak die volgende tak vir meer inligting:

HEILBRON:
(058) 852 1300

Heilstraat 54A,
Heilbron




ONDERLINGE GENOOTSAP

ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

Bepalings en voorwaardes gskl. Gratis begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien AVBOB Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. AVBOB is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer. AVBOB is 'n vlak 2 SEB-bydraer. FDV 20656. Besoek www.AVBOB.co.za

© Breyer & Co AVB-HEH-210506



FEZILE DABI DISTRICT CUMULATIVE COVID-19 CASES 27 MAY 2021			
METSIMAHOLO	Sasolburg	4105	4626
	Deneysville	409	
	Oranjeville	112	
MOQHAKA	Kroonstad	3670	4225
	Viljoenskroon	467	
	Steynsrus	88	
NGWATHE	Parys	1231	2885
	Heilbron	864	
	Koppies	558	
	Edenville	78	
	Vrededorst	154	
MAFUBE	Frankfort	774	1249
	Villiers	247	
	Cornelia	60	
	Tweeling	168	
		12 985	

Gemeenskaps **NUUS**

DIENSSENTRUM HUPPEL EN TRIPPEL WEER

- Sylvia Meades

Die Heilbron Dienssentrum se lokaal het onlangs verskuif en hulle gaan voort met hul werksaamhede by Huis Bron-van-Heil. Die rede hiervoor is kortlikss soos volg: Almal weet dat die Dienssentrum 'n nie-winsgewende instansie is wat totaal afhanklik is van fondsinsamelings, donasies en ledegedelce vir sy bestaan. As gevolg van Covid-19 kon ons, soos baie ander instansies, geen fondsinsamelings hou tydens 2020 nie. Die invloed op die ekonomie het ook ons lede se beleggings/pensioene swaar getref. Rentekoerse het gedaal, en het almal armer gelaat. Kortom: Die rede vir die skuif na Huis Bron-van-Heil was suiwer finansiell. Dieselfde fasiliteite wat die Dienssentrum het, bestaan ook by Huis Bron-van-Heil. Boonop is 95% van ons lede inwoners van die Aftree-oord. Dit was dus die logiese volgende stap om te neem.

Ná samesprekings met Heilbron Suid se kerkraad (aan wie die gebou van die Dienssentrum behoort) en Huis Bron-van-Heil se Direksie, is besluit om die skuif te maak. Die skuif het egter 'n paar implikasies. Die begrip, “Dienssentrum” het oor die jare vervaag; of die funksie daarvan het verander. By Huis Bron-van-Heil

het ons dus nie meer 'n
Dienssentrum soos ons dit ken
nie. Dit is tans - soos by baie
ander Aftree-oorde ook die geval
is - 'n sosiale klub wat outonoom
funksioneer. Dit beteken dat die
bestuur van Huis Bron-van-Heil
geen verpligting het om
programme aan te bied nie. Die
lede van die klub besluit self oor
hulle programme en aktiwiteite;
en bied dit aan binne die bestaande
reëls van die Oord. Die klub het
besluit om tweeweklikse bymekaar
te kom. Hulle het selfs op 'n
naam besluit. Hulle sal voortaan
bekendstaan as die Huppel-
Trippel-Klub.

Ons moes ongelukkig ons Kettie- en Jukskei-bane inboet. Ons is tans in onderhandelings met die Direksie om beide bane op die terrein van die Oord tot stand te bring. Aangesien ons weet dat ons in 'n omgee-gemeenskap woon, neem ons die vrymoedigheid om te vra: As iemand in die gemeenskap dit in sy/haar hart vind om ons hiermee te help, sal ons dit uit die diepte van ons harte waardeer. Natuurlik sal ons help met die fisiese werk vir sover dit vir elkeen moontlik is. Kontak gerus vir Sylvia (072 220 7272) in hierdie verband. Natuurlik is jy dan ook meer as welkom om gereeld saam met ons te kom Jukskei speel of Kettie skiet. Daar is baie toekomsplanne; maar



mens kruip voordat jy loop. Op hierdie stadium is die volgende in die beplanning: Om 'n staggroep en 'n sanggroep te begin. Ook om vir inwoners van Huis Bron-van-Heil wat nie self kan lees nie, te gaan voorlees. Ons het 'n baie interessante vasvraspeletjie gehad op 25 Mei 2021, en tydens ons volgende kuier beplan ons om op die terrein rond te stap om meer te leer oor die voëls, diertjies, grasse en bome wat daar voorkom. Ons sal 'n gas nooi om ons hiermee te help.

Ten slotte: Die beperkings a g v Covid-19 het tot gevolg gehad dat ons met rukke en stote begin het in ons nuwe *venue*. Gelukkig lyk dit asof ons bootjie nou op die water is. Daarom nooi ons enigiene in die

gemeenskap wat belangstel in wat ons aanbied, om asseblief te kom inskakel. Dit gaan jou niks kos nie. Kom kuier net saam, leer nuwe mense ken; en drink 'n lekker koppie tee saam met ons ná die kuiertjie. DIE HUPPEL-TRIPPEL-KLUB is glad nie net vir inwoners van Huis Bron-van-Heil bedoel nie. ons verwelkom nuwe gesigte net soos ons die inwoners van die oord, wat nie voorheen lede van die Dienssentrum was nie, verwelkom.

Kontak my gerus by die bostaande selnummer; dan voeg ek jou naam by op ons Whatsapp-groep sodat jy al ons nuus en inligting kan kry. Dis heerlik om weer aan die gang te wees!



HEILBRONNERS SKENK BLOED EN RED 'N LEWE



SANBS het die gemeenskap uitgenooi om bloed te skenk, Dinsdag 25 Mei by die NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 – 18:00. Met die doel om 80 eenhede bloed in te samel wat honderde lewens kan red, het hulle slegs 74 eenhede ingesamel. SANBS wil graag alle gereelde bloedskenkers bedank en aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk en elkeen wat nog nie bloed geskenk het nie, nou na die volgende geleentheid in Julie. Skenk bloed. Jou bloed red lewens. Op die foto: Anthony Hamlett en Nikita Grobler.



Skole NUUS

HOOFLEIERS VAN DIE JA MALHERBE PRIMÊRE SKOOL



Die hoofleiers van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn vir 2021 is na afloop van die eerste kwartaal aangewys. Hulle is vl: Johannes Khampepe en Marisa Islam.

PRINTING & PUBLISHING

Digital & Print Design

- Heilbron Herald Newspaper
- Branded Apparel
- Business Cards
- Bookbinding
- Brochures
- Flyers
- Magnets
- NCR Books
- Canvas Prints
- PVC & Banners
- Stickers
- Signage
- T-shirt Printing
- Corporate Gifts
- Vehicle Branding
- Wedding Invitations
- Web Design
- Yearbooks

Heilbron Herald 058 852 3033
marketing@heilbron.co.za

WINTER BEURTKRAG

Eskom het Dinsdagmiddag 'n beroep op verbruikers gedoen om kragverbruik te verminder weens groot druk op die stelsel. Met groot moontlikhede van beurtkrag tussen 17:00 en 22:00 in die wintermaande wat voorlê, sal Eskom gedwing word om fase 1, of indien nodig, fase 2 beurtkrag in werking te stel indien

verbruikers nie samewerking toon nie. Beurtkrag was verlede week opgeskort nadat 'n kennisgewing daardie naweek in werking gestel is. Woensdagmiddag laat was Heilbronners in kennis gestel van beurtkrag later die aand. Dit het eers heelwat later as beplan afgegaan. Gevaarlike flikker voort by Eskom en inwoners moet voorbereid wees dat ontydige beurtkrag enige tyd ingestel kan word.

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.

Kontak Jackie Wessels
072 936 5925

OUDEHEDE

Afrikaans, oeroue kombuisware, ou gereedskap veral houtmakers, "tin toys", "enamel signs" miniatuur speelgoed soos naaldwerkmasjiene, ens.

Verskeidenheid te veel om op te noem.

Welkom om my te kontak of boodskap te laat na 081 288 3186.

PLOEG SEMOER

Egite

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

KENNISGEWINGS

LOST OR DESTROYED DEED
Form for publication in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act 47 of 1937. Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

Deed of Transfer T3601/1998
in favour of **ANNEMARIE HARTHOORN**
Identity number: 501029 0036 080
unmarried
in respect of Remainder of the farm Rivierplaats 154, district Heilbron Province Free State
In extent 429,7813 (Four Hundred and Twenty Nine Comma Seven Eight One Three) Hectares held by Deed of Transfer Number T3601/1998 which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge same in writing with the Registrar of Deeds Bloemfontein, 84 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.

APPLICANT
TIM DU TOIT & CO INC,
433 RODERICKS ROAD,
LYNNWOOD,
PRETORIA
(RABOO/PS/LF2078)
E-MAIL ADDRESS:
petro@timdutoit.co.za
CONTACT NUMBER: 012 470 7777

LOST OR DESTROYED DEED
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Registered Title **T10163/2008**
Passed by: E DAVIS, duly authorized by virtue of Special Power of Attorney signed at Frankfort on 17th March 2008, by **LIZELLE RAUTENBACH**, **IDENTITY NUMBER 750603 0031 08 1**
In favour of: **SIMPHIWE MDAKI,** **IDENTITY NUMBER 820821 5509 08 5**
In respect of: **ERF 354 TWEELING, DISTRICT FRANKFORT, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.

APPLICANT: WILHELMUS BURGER
ADDRESS: HELMUT BURGER PROKUREURS, 18 KERK STREET, FRANKFORT, REF CT0018
E-MAIL ADDRESS: helmut@lantic.net
CONTACT NUMBER: 058 813 4006

BIBLIOTEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE -
09:00 - 13:00 (Volwassenes) en
14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

Winkelure

Maandae - Donderdae
07:30 - 17:00

Vrydae:
07:30 - 16:30

Saterdag:
08:30 - 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

Hannalie Claassen
079 400 0531

POSTNET HEILBRON
Besigheidsure
Maandae - Vrydae:
08:00 - 16:30
Saterdag: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42
HEILBRON
Tel: 058 853 0006

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

DIENTE SMALLS

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking. Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

JAARBEPLANNER

Junie 2021
25 Jun. - AP Kerk (Verkopings)

Julie 2021
23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)
30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)

Augustus 2021
6, 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkopings)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)

September 2021
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)

Oktober 2021
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)

Desember 2021
4 Des. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eenaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

VOER TE KOOP
Skakel
083 688 8256
K0746

Please Don't Litter



Grendelstraat 302
Locktown
2021

31 Januarie 2021

Liewe dominee Braam,

Dit is weer ek, oom Danie. Dit gaan goed met die tannie ook. Ons praat darem weer met mekaar. Met die reën kan sy nie by die gras uitkom nie, nou bly sy besig deur Oom besig te hou. As Dominee verstaan wat Oom bedoel. Dominee, as daar nou een ding is wat my vang, dan is dit as iemand my twintig keer vra om 'n ding te doen. Hemel Dominee, ek het net twee hande. Gister sit sy haar voet neer en sê jy kan self kies. Of jy kyk die Curriebeker finaal of jy verf die kombuis.

Die kas is klaar, Dominee. Helder oranje met wit strepe. Dit lyk nogal mooi. Ons Cheetahs laat nie met ons mors nie of hoe, Dominee? Nou praat ek en die tannie weer lekker, maar nie oor rugby nie... Ai Doods, dit is al meer as 300 dae dat die Covid virus ons lewens regeer. Oom het vir die tannie gelag toe sy sê Oscar gaan nog voor ons uit wees. Nou weet ek nie meer nie. Klein Daan sê die Minister van Ongesondheid sê die virus kom in golwe. Ek sê Minister van Gesondheid. Hy

sê “Ongesondheid”. Hy sê as almal gesond was, het ons nie so 'n minister nodig gehad nie. Die een golf is skaars weg dan volg 'n nuwe een. My buurman sê dit lyk nie of minister Bekkie Cele en sy strandlopers die golwe gestuit kry nie. Hy sê die see is nie jou maat nie... Dis vir my 'n oulike naam: “Bekkie”. Weet net nie of die verkleiningsvorm by hom pas nie. Dominee Braam, maar kry ons nie oorvloedig reën nie! Swaer Koos sê hulle het laasjaar se reën weer gekry en volgende jaar s'n ook. Hy sê die Kerkraad dink aan ark bou as dit nie gou ophou nie. Ek sê vir hom hy moet nie spot nie, Dominee. Hy sê die groot boere wat weet, koop glo seekoeie teen mal pryse aan. Dominee, ek wil nou nie die bobbejaan agter die bult gaan haal nie, maar wat gaan die basaarkomitee maak as hulle 'n seekoei vir die vleistafel kry? Vra ek jou, Dominee? Dis nie die eerste keer dat ons so baie reën sien nie. Neef Gerrie sê in '68 het hulle een reënwedstryd, vir rustyd pannekoek en koffie, in plaas van lemoenskywe gekry. Lekker ou dae, Oom trek sommer weer sy tokse aan.

Maar Oom wou nie oor rugby praat nie. Het Dominee gehoor dit gaan sleg met ou Mart en Frans van der Merwe. Dominee ken hulle. Die mense roep hulle sommer ou Smart en ou Frons.



Die depressie het hulle weer sleg gevang. Hulle bly op die hoek van Kaders Makadroog en Makoeloe Slagata. Of is dit nou Gatslaga? Oom is nou self nie seker nie. Ons het hulle by dokter Lood se spreekkamer gekry. Oom moes die tannie dringend vat. Met die baie reën sê die tannie turksyde gaan baie skaars en duur word soos gemmer. Sy eet toe soveel sy kan. Turksyde nie gemmer nie, Dominee. Sy glo mos hoe meer jy eet, hoe meer spaar jy. Nou sit sy met 'n verkeersopeenhoping en 'n padblokkade “down under,” as

Dominee verstaan wat Oom bedoel. Ou Frons sê dokter Lood het vir hulle 'n lekker lang vakansie voorgeskryf. Hy sê hulle wag nou net vir die medies om dit goed te keur dan vlieg hulle Phuket toe. Dominee moet dalk 'n draai gaan maak voor hulle vertrek. Dominee Braam, Klein Danie is baie ontsteld. Oor die regering, nie sy ma nie. Hy sê die regering gaan nou te vêr. Hulle wil als beheer, begeer of toesmeer. Hy sê hy lees in Amaroelamedia... Ek sê “Maroelamedia.” Hy sê “Amaroela”. Hy sê als wat hy lees, slaan hom dronk. Hy sê jy moet nou

'n liksens vir 'n windbuis ook hê. Verbeel jou Dominee, vir 'n windbuis. Een van die dae moet jy 'n liksens vir sousboontjies ook hê! Maar wag, Doompie, netnou dink jy Oom wil net kla.

Groete vir Mevroutjie.

Jou oom Danie.

Amper vergeet ek. Die tannie vra of Dominee nie weet hoe lank nadat jy 'n setpil gesluk het, dit begin werk nie?

Skets Erkenning: Mia Marais

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van AM Grobler, Tel: 063 352 7880 van Heilbron gerig aan die Redakteur.

ONS WONDERWÊRELD SE DONKERWÊRELD

Ons almal geniet ons wonderwêreld. Dag en nag flits die fone se liggies. Al hoe meer mense word skielik bewus van 'n pyn hier en 'n pyn daar. Stadig word dit meer ondraaglik. Party se hande wil nie meer toemaak nie. Ander se knieë en skouers wil nie meer doen waarvoor hulle gemaak is nie. Skielik gedagte! Apteek toe. Wat sluip in die onsigbare wêreld rond? In Lukas 13 bring mense vir Jesus 'n onstellende boodskap

dat die toring van Siloam op 18 mense geval het. Hy antwoord hulle. Dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. Torings wat fone bedien is die land vol, en hulle mikrogolwe val op ons en verwoes ons broos liggame. Hoekom?

Sudoku is a puzzle based on a small number of simple rules:
- Every square has to contain a single number
- Only the numbers from 1 through to 9 can be used
- Each 3x3 box can only contain each number from 1 to 9 once
- Each vertical column can only contain each number from 1 to 9 once
- Each horizontal row can only contain each number from 1 to 9 once

		7			2			
6		1	9	5				4
	4							
8	5		6	4		7	3	
	7					4		
2	3		7		9		5	6
							3	
				9	7	2		1
	6		3			5		

PANEEL 6



Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy

RETIEF WORD GOEWERNEUR

■ Quarta Pretorius

Hier word die inswering in April 1837 van Piet Retief as Goewerneur van die Voortrekkers uitgebeeld. Hy kniel op die voorgrond met sy een hand op die Bybel.

Die plegtigheid word waargeneem deur Erasmus Smit, die tweede man van links. Die Voortrekkerleier Gerrit Maritz, uitgebeeld as die effe gesette man heel links, kyk toe.

Die beeldhouer, Hennie Potgieter, het oor 'n portret van Smit beskik en hom daarvolgens uitgebeeld. Een van Maritz se nakomelinge, Jan Coetzee, het as model vir hom gedien. Twee bekende kunstenaars, die skryfster Tienie Holloway (die vrou aan die linkerkant) en die sanger en komponis Steve Eyssen (die man tweede van regs) is as modelle vir hierdie paneel gebruik.



Paneel 6 in die Voortrekker Monument.

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure

Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30

Saterdag: 09:00 -12:00

Elsstraat 42 HEILBRON | Tel: 058 853 0006



HERALD

SPORT

BOKKEDAG WEER OOR TWEE DAE

Heilbron Gholfklub gaan vanjaar weer die baie gewilde Bokkedag oor twee dae aanbied. Vanjaar se Bokkedag vind plaas op 25 en 26 Junie. Spelers moet vroegtydig inskryf vir die dag. Die putjiespel

wedstryde is agter en spelers word versoek om bepalings voor afsny datums na te kom.

Jackie en Wiam het hulle onoorwonne status behou en wen verlede Saterdag vir Gerrie en Eben met vyf gate.

Die naweek is dit gewone spel om 10:30 vir afslaan 11:00 en daar sal ook Vrydagaand 'n Joker-draw wees om 19:00.

Die dames bedien hoender-snitsel vir die wat graag Vrydag tydens die trekking wil eet.

JAARPROGRAM : 2021 RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
5 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
14 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
4 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
2 OKTOBER	OPE PRYS SKIET	09:00
2 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00
16 OKTOBER	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
6 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
21 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD	

OPENING 1 JUNE 2021

GET UP TO R600 CASHBACK OFF OUR ALREADY LOW PRICED PREMIUM TYRES

DON'T MISS OUT, LIMITED TIME ONLY

CASHBACK VALUE ON TYRES

2 x 14" R 50	4 x 14" R 100
2 x 15" R 100	4 x 15" R 200
2 x 16" R 200	4 x 16" R 400
2 x 17" R 200	4 x 17" R 400
2 x 18" R 300	4 x 18" R 600

THE TYRE MART
HEILBRON BANDS & TIRES

072 088 2316 | C/O LANGMARK & WENTWORTH STREET, HEILBRON

GiG Technologies (Pty) Ltd.

Ultra Fast Fibre Internet coming soon!

Contact us for any enquiries
Adriaan 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

SPIDER BANNER WALL

THE LEGS

THE BODY

Heilbron Herald

R3385.00
Incl. Design | Excl. VAT

- SETS UP IN SECONDS
- SPACE SAVING DESIGN
- LIGHT WEIGHT & DURABLE
- BRANDED SKIN (3000mm X 2250mm)

Pharmacy & Clinic

PLATTELAND

Nature's choice and Glutagon products available in store!

Nature's Choice
Glutagon

063 723 4650 | 067 527 0223

063 723 4650 | 067 527 0223

14 Vredehoek Road, Maitland, Cape Town

Late-Nite Video
Heilbron

WE ARE MOVING TO 38 PLEIN STR ON 29 MAY!

072 807 7790
076 868 3837

THE CHEDDAMELT TRIO

R9990 EACH

Steak Ranches

ALL DAY EVERY DAY SPECIAL

2X 100G BURGERS
200G CHEDDAMELT STEAK
FULL CHEDDAMELT SCHNITZEL
350G T-BONE STEAK

R9990 EACH

BURGER, CHIPS & ONION RINGS
BEEF / CHICKEN / RIB
(MONDAY - THURSDAY)

R6000 EACH

BUFFALO VALLEY SPIRIT
058 853 0061

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIJKSTE veilinge

DINSdag - 1 JUNIE 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

REITZ: LANGLYF EN NONNIE TULI STOET
110 Beeste
11:00, Avoca, Reitz
Kontak Francois Durnley 082 528 1699

WOENSDag - 2 JUNIE 2021

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

DONDERDag - 3 JUNIE 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD veiling
Kontak Wilbur Myrner 082 349 3169

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

HLUHLUWE Twee-maandelikse veiling
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

VRYDag - 4 JUNIE 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Bennie vd Merwe 082 414 4228

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak

BKB LOUWID

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317